UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# ETH302S

Oktober/November 2017

## INKLUSIEWE ONDERWYS A

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

**EKSAMENPANEEL SOOS DEUR DIE DEPARTEMENT AANGEWYS**

---

**Toeboekeksamen**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie**

## EKSAMENINSTRUKSIES

Hierdie vraestel bestaan uit ses vrae

Beantwoord **al** die vrae

**VRAAG 1**

**Beantwoord WAAR of VALS. Voorbeeld: 1.1. WAAR.**

1.1 Leerbehoeftes van die meeste van die leerders kan ontstaan as gevolg van 'n onbuigsame kurrikulum

1.2 Een van die sleutelstrategiee vir die vestiging van inklusiewe onderrig is om spesiale skole in hulpbronsentrums te omskep.

1.3 Insluiting fokus daarop om hindernisse in die stelsel, wat dit verhoed om in al die leerbehoeftes te voorsien, te voorkom.

1.4 Leerders met 'n behoefte aan hoë-intensiewe opvoedkundige ondersteuning sal steeds sulke ondersteuning ontvang in voldiensskole.

1.5 Lede van die skoolbeheerliggaam is primêre hulpbronne om die doelwit van inklusiewe onderrig te bereik, omdat dit hulle is wat die meeste van die tyd in die klaskamers deurbring.

1.6 'n Negatiewe houding teenoor diversiteit is een van die intrinsieke faktore wat leerhindernisse in die meeste leerlinge in skole veroorsaak.

1.7 Die vestiging van 'n inklusiewe-onderrig-stelsel verg veranderinge aan hoofstroomopvoeding, vroee identifisering en toepaslike ondersteuningsdienste.

1.8 Om toeganklikheid van die skoolgeboue te verseker, byvoorbeeld deur die vestiging van oprittoegang, is die Gesondheidsdepartement se verantwoordelikheid

1.9 Krisisse in die gesin kan tot kindermisbruik lei

1.10 Aanvaarding van insluiting en openbare bewustheid sal noodsaaklik wees vir die vestiging van 'n inklusiewe samelewing.

**[10]**

**VRAAG 2**

Omskryf die volgende terme.

2. 1. Leerhindernisse (2)
2 2 Samewerking (2)
2 3 Integrasie (2)
2. 4 Distrikgesetelde steunspan (2)
2 5. Insluiting (2)
2.6. Leerondersteuning (2)

**[12]**

**VRAAG 3**

**Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.**

Dwayne (5) woon saam met sy ouers en drie sibbe in 'n wit informele nedersetting in Pretoria. Hul sinkdakhuis is klein en bedompig. Sy vroeë jare is nie ideaal nie. Armoede en gepaardgaande gesondheids-, voedings- en sosiale faktore, tesame met 'n niestimulerende huisomgewing, verhoed hom om sy ontwikkelingspotensiaal te bereik. Dwayne se pa werk as 'n motorwag vir Spar, en sy ma is 'n bedelaar by 'n verkeerslig in die stad Sy ouers kom laat saans tuis, en dan voel hulle moeg, ellendig en teleurgesteld oor die bietjie geld wat hulle daardie dag verdien het. Al is hy nog jonk, weet hy dat sy ouers die meeste van die geld gebruik om dwelmmiddels te koop. Baie van die ouers in die nedersetting waar hy woon, misbruik drank en dan misbruik hulle die kinders. Hoewel hul nedersetting in 'n stadsgebied is, het hulle geen elektrisiteit nie. Die nagte is donker en lank, en hulle moet by kerslig sukkel om hulself te was en om hul paar stukkies klere gereed te kry vir die volgende dag. Dwayne kry selde 'n behoorlike ete waar hy woon Hulle is baie bly wanneer hulle by Checkers kos kry wat reeds die vervaldatum bereik het Soms is die kos nie meer vars nie, maar hulle eet dit in elk geval – dis beter as niks! As daar niks kos oor is nie, gaan slaap hy op 'n leë maag. Dan sukkel hy om te slaap en wanneer hy die volgende oggend wakker word, het hy geen krag vir die dag wat voorlê nie. Die nuutverkose raadslid, mnr Snyman, belowe om HOP-huise en dienste vir hierdie gemeenskap te voorsien.

Dwayne is bevoorreg om 'n na plaaslike kleuterskool te gaan waar skryfbehoeftes voorsien word Sy ma neem hom elke dag soontoe en sy stop om die onderwyser te groet en wanneer sy kan, woon oueraande by By die kleuterskool kry Dwayne ontbyt en 'n stukkie brood gedurende die dag Daar is baie kinders in 'n klas Sy onderwyseres sukkel om in die talle leer- en ontwikkelingsbehoeftes van die kinders in haar klas te voorsien Die meeste van die kinders kom uit Dwayne se gemeenskap, waar die werkloosheidsyfer hoog is Baie van die onderwysers is daarvan bewus dat sommige van die kinders ontwikkelingsbehoeftes het en dat party van hulle verwaarloos of mishandel word, maar hulle beskou dit nie as hulle plig om hierdie kinders te ondersteun nie Die nuwe skoolhoof is egter passievol oor inklusiewe onderrig

3 1 Identifiseer verskillende stelsels wat in hierdie gevallestudie in plek is (3)

3 2 Identifiseer positiewe en negatiewe faktore wat Dwayne se ontwikkeling en leer in elke stelsel beinvloed (18)

3 3 As u sou aangestel word om aan die hoof van hierdie kleuterskool te staan, watter op soort onderwyseropleiding sal u fokus? (4)

**[25]**

**VRAAG 4**

Verandering van houdings, gedrag en onderrigmetodes is sommige van die strategiee wat gebruik word om vir al die leerders in skole toegang tot die kurrikulum te verseker Stem u saam met die bogenoemde stelling? Brei uit op u antwoord deur·

4 1 Beginsels van inklusiewe onderrig, soos beklemtoon in Onderwyswitskrif 6 (Onderwysdepartement, 2001), te beskryf (7)

4 2 Te onderskei tussen die mediesegebrekmodel en die sosiale model (6)

**[13]**

## VRAAG 5

Volgens SARO se Professionele Etiese Kode is daar 'n aantal verwagtinge wat betref hoe onderwysers teenoor leerders optree Bespreek kortliks 10 van hierdie verwagtinge **[20]**

## VRAAG 6

6 1 Bespreek die rol wat die distrikgesetelde steunspan speel in die ondersteuning van onderrig en leer in skole.

6 2 Noem 10 algemene vorme van kindermisbruik in die Suid-Afrikaanse konteks

**[20]**

**[TOTAAL: 100]**

**Eerste eksaminator: Me RG Ledwaba**
**Tweede eksaminator: Prof S Ntombela**

©
Unisa 2017